Waco wil op JSE noteer

Die nywerheidsdienstegroep Waco International het gister bekend gemaak dat hy beoog om op die JSE, en nie in Australië nie, te noteer.

Waco, wat in steierwerk en modulêre geboue spesialiseer, het bedrywighede in Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Brittanje, Chili en die VSA.

Die groep het dit vroeër oorweeg om in Australië te noteer, wat vir die helfte van sy verdienste sorg. Dié mark het egter in die afgelope tyd begin afkoel, teenoor die Suid-Afrikaanse bedryf wat sedert Oktober 2004 uiters gunstig lyk.

Daarby behoort die Suid-Afrikaanse regering se kapitaaluitbreidingsprogram, die Gautrein-projek en die Wêreldbekersokkertoernooi die mark nog vir geruime tyd aan die gang te hou.

Geen waardasies of datums vir die notering kon nog bekend gemaak word nie. Waco se markwaarde is glo sowat R4 miljard.

Hy word tans deur 'n konsortium van verskeie private-ekwiteit-firmas besit.

COLLEGE HILL
Press cutting

Tel +27 11 447 3030
Email info@collegehillir.com
www.collegehill.com

Reproduced by College Hill Associates Ltd.
The contents of the publication from which the above extract has been taken are copyright works and without prior permission may not be copied further.